GREY KOLLEGE SEKONDÊR
COLLEGE SECONDARY

A SOUTH AFRICAN PARALLEL MEDIUM SCHOOL FOR BOYS

'N SUID-AFRIKAANSE PARALLELMEDIUMSKOOL VIR SEUNS

Gestig 1855 Founded

WELKOM BY MURRAY-HUIS

WAAR DIT ALLES BEGIN

BELANGRIKE KOSHUIS-RIGLYNE

Die volgende inligting mag baie van u vrae en bekommernisse opklaar. U moet dit asseblief deeglik bestudeer en met u seun bespreek. Neem asseblief kennis dat veranderinge mag plaasvind. Ander nodige inligting kan op die Skool se webblad gevind word.

Belangrike inligting sal ook aan u gegee word op **MAANDAG, 15 JANUARIE 2024.**

Die eerste akademiese skooldag begin op **WOENSDAG, 17 JANUARIE 2024 @ 07:30**.

GREY WEBBLAD: www.greycollegesecondary.com

MATRONE EN ONDERWYSERS AAN DIENS

Elke koshuis het daagliks 'n **onderwyser aan diens** wat vir daardie betrokke dag verantwoordelikheid neem. Die onderwyser se naam verskyn op die diensrooster teen die kennisgewingbord in die Koshuis.

Ouers word versoek om die Koshuisvader of Assistent Koshuisvader te skakel rakende enige navrae, probleme, voorstelle, versoeke of klagtes. Koshuismoeder is ook beskikbaar vir elke seun/ouer. Die Huisvader sal, indien nodig, die Skoolhoof raadpleeg en terugvoering aan u gee. U word versoek om hierdie roete te volg ter wille van effektiewe hantering van alle sake. Telefoonnommers van personeel sal aan u verskaf word.

Gedurende naweke roteer die drie **matrones** tussen die koshuise. Die matrone aan naweek-diens sal aandag skenk aan alle klagtes, siektes en ander mediese probleme, ongeag die koshuis waarin u seun woon. Die matrone aan diens se naam en kontaknommer sal op die kennisgewingbord verskyn.

DIT IS BAIE BELANGRIK DAT U EN U SEUN DIE VOLGENDE TELEFOON-NOMMERS OP U FONE STOOR:

Mnr Jannie Geldenhuys – Koshuisvader : 073 269 5157

E-Pos adres : murray@gc.co.za

Mnr Rudee Barker – Assistent Koshuisvader: 073 420 4522

E-Pos adres : rbarker@gc.co.za

Mev Kim Prinsloo – Koshuis-Mom : 083 425 6341

E-Pos adres : kprinsloo@gc.co.za

Mnr Anton Meyer : 082 560 0917

Mnr Nico Venter : 071 875 6297

Mnr Rikus van Wyk : 072 699 8153

Mnr Bobby Joubert : 082 441 1826

KAMER-INDELINGS

<u>KAMERS / "DORMS</u>"

- Ouers moet alle beddegoed, handdoeke en toiletpapier voorsien.
- Kosgangers is daarvoor verantwoordelik om hul eie beddens op te maak, die kamer uit te vee en te sorg vir die algemene netheid daarvan.
- Saam met die stelle beddegoed wat u verskaf, is 'n **matrasoortreksel verpligtend**.
- Kosgangers mag nie onder 'n kombers op 'n "kaal" matras slaap nie.
- Klerekaste moet netjies gepak wees en moet in eie belang altyd gesluit gehou word.
- Kamer-inspeksie word daagliks gedoen.
- Kas-inspeksie vind twee keer per week plaas.
- Seuns kan hul eie **matrasse** (BAIE GOED GEMERK) saambring indien dit verkies word (1.9m x 75cm). HIERDIE GROOTTE IS SMALLER AS 'N STANDAARD ENKELBED GROOTTE. Die gewone enkelbed grootte pas nie op ons beddens nie.
- Wanneer u seun van koshuis verwissel, neem hy sy matras saam met hom.
- Matrasse kan by enige matras-handelaar aangekoop word of u kan die volgende persone kontak. GARETH 072 273 3740 of DAVID 064 601 4970

1. EETPLEKKE

Die seuns eet al hulle maaltye in Hamilton Hall, die etes word deur 'n dieetkundige goedgekeur. Bo en behalwe die heerlike maaltye wat in Hamilton Hall genuttig word, is daar ook, in die koshuis, op beide vloere vir die seuns 'n mikrogolfoond en ketel beskikbaar.
Die Grey Tuck Shop is net oorkant die koshuis geleë.
Die Engen Een Stop is baie naby geleë.

PERSOONLIKE VEILIGHEID & BESKERMING VAN BESITTINGS.

"ZERO TOLERANCE" BELEID MET BETREKKING TOT ALKOHOL, ROOK, "VAPE", DWELMS EN PORNOGRAFIE.

SELFONE

U seun se persoonlike veiligheid sowel as die beskerming van sy persoonlike besittings is vir ons uiters belangrik en daarom is baie van die reëls daarop gemik. U sal ook merk dat geleenthede waartydens seuns die terrein mag verlaat, voorgeskryf en gereguleer word.

Alle koshuise is toegerus met CCTV-kameras wat 24 uur per dag aangeskakel is. Opnames van alle bewegings in die gange word in die Huisvader se kantoor opgeneem. Bo en behalwe die feit dat dit die personeel in staat stel om te sien wat fisies in die gange gebeur, is dit 'n belangrike hulpmiddel om, in die geval van 'n voorval, die opnames na die betrokke dag/tyd terug te draai ten einde moontlike verdagtes vas te trek.

- Persoonlike besittings en alle waardevolle artikels soos selfone ens. moet, wanneer dit nie in gebruik is nie, in elke seun se persoonlike klerekas toegesluit word. Dit is handig om ’n ekstra slot met sleutels saam te bring.

- Nadat ouers/voogde hul seuns op **15de JANUARIE 2024** by Murrayhuis ingeskryf het, mag hulle hul seun help om sy intrek in die kamer te neem. **Na 17h00 op 15 Januarie 2024 geld die algemene reël dat OUERS/VOOGDE slegs aan die begin van die eerste kwartaal in ‘n nuwe skooljaar hul seun se kamer mag besoek.** Weens veiligheidsredes is seuns se kamers ten alle tye privaat.

- Ouers/Voogde mag gebruik maak van die **besoekers-toilet** op die grondvloer onder die Murrayhuis trap. Ouers mag egter GEEN van die kamers besoek wanneer hul van die geriewe gebruik maak NIE. Daar is ook toiletgeriewe by die Hamilton-eetsaal beskikbaar. U is altyd welkom om u seun na skool te besoek. Gedurende skoolure kan enige artikels of pakkies ook by die Matrone afgegee word en sy sal sorg dat dit ná skool aan u seun oorhandig word.

- Grey-kosgangers op pad na en van Brandwag, Mimosa Mall, die Loch Logan Waterfront en ander winkelsentrums, is dikwels die teiken van boosdoeners wat hulle selfone en geld wil steel. Derhalwe moet seuns in groepe van ten minste drie per groep beweeg. Geen gesprekke mag met vreemdelinge aangeknoop word nie, veral nie wanneer seuns te voet buite Grey Kollege beweeg nie. Praat asseblief met u seun oor veiligheid.

DWELMS

Weens die toename in die gebruik van dwelms onder kinders in die algemeen en veral dagga-gebruik in skole, is dit noodsaaklik dat u gereelde gesprekke met u seun voer. Bestudeer asb. ook Grey Kollege se Dwelmbeleid. Apteke verkoop elementêre toestelle van die rak af om deur middel van ’n urine-toets vir die meeste dwelms te toets. Moet asb. nie huiwer om dit gebruik nie. Seuns word veral blootgestel wanneer hulle winkelsentrums besoek of na partytjies toe gaan. Dit sluit in die uitruil van medikasie, en verslawing aan self-medikasie, voorgeskrewe medikasie en die misbruik van alkohol. Wees asb. altyd waaksaam vir tekens van verslawing.

Grey Kollege en al sy Koshuise handhaaf ’n **“ZERO tolerance”**-beleid ten opsigte van **alkohol, rook, dwelms en pornografiese materiaal**. Die gebruik van sigarette, ‘vape’ (enige vorm van dwelm wat gerook kan word), alkohol (drank) en enige vorm van dwelms of **steroïdes**, sowel as pornografie, is streng verbode. Seuns moet daarvan kennis neem dat hulle nie toegelaat word om enige van hierdie middels (bv. alkohol) in die teenwoordigheid van ’n volwassene, of selfs met die toestemming van volwassenes, by die skool, in die openbaar of by private partytjies te neem nie. Indien skuldig bevind, sal dit lei tot skorsing uit die koshuis/skool.

SELFONE

Ten einde die misbruik van data, bv. vir *pornografie,* internet-kletskamers of laatnag-geselsies te beperk, stel ons voor dat u die volgende voorsorgmaatreëls oorweeg:

- U seun se selfoon kan slegs eenvoudige of noodsaaklike funksies verrig;
- U maak seker dat u seun se selfoon/skootrekenaar/tablet, nie toegang tot pornografiese materiaal toelaat nie, en dergelike "blok";
- U kontroleer deurlopend wanneer u seun "WhatsApp" gebruik of aanlyn is, veral wat *snags* betref;
- U maak, indien moontlik, gebruik van die toep wat 'n selfoon kan "opspoor".

Ons vra dat u asseblief met u seun 'n gesprek sal voer oor die etiese gebruik van 'n selfoon, soos gepaste tye om dit te gebruik, en dat u as ouer/voog asseblief u seun se gebruik van sy selfoon noukeurig sal dophou.

BRANDE

Daar is twee brandblussers op elke vloer aangebring wat vir geringe brande gebruik kan word. Die koshuis het 'n nood-ontruimingsplan – in Afrikaans en Engels – op strategiese plekke in die gebou aangebring. Die voorgeskrewe rooi houers met noodsleutels agter glas wat gebreek moet word, word ook by die twee nooduitgange aangetref. In geval van nood moet die glas gebreek word, die sleutel uitgehaal en die slotte oopgesluit word. Alle seuns moet kennis neem van die ontruimings-prosedures. Hierdie prosedures sal ook deur die loop van die jaar ingeoefen word.

EKSTRA KLASSE

- Soms gebeur dit dat die seuns se punte teen die einde van die tweede kwartaal kommerwekkend daal en dat hul punte nie meer so hoog is soos in graad 7 nie.
- Gelukkig tel die seuns se punte baie vinnig weer op sodra hulle 'n balans tussen buitemuurse aktiwiteite en akademie gevind het, aangepas het, geleer het om selfstandig te studeer, huiswerk af te skryf, te beplan, te hersien, ens.
- Daar is heelwat faktore wat 'n rol speel en, hoewel nie al die seuns se punte daal nie, spandeer ons soms baie tyd gedurende die tweede kwartaal met bekommerde ouers. Wees gerus dat Grey Kollege se onderwysers 'n verskeidenheid van ekstra klasse per week aanbied. Talle onderwysers bied ekstra middagklasse (Wiskunde, Wetenskappe, ens.) GRATIS aan. U sal mettertyd 'n brief van die skool ontvang met die spesifieke klastye op.
- Dit mag egter gebeur dat u seun nie op daardie dae of tydens daardie tye beskikbaar is nie en dat onderwysers alternatiewe en/of bykomende ekstra tye (soms saans by die skool) moet reël. Hierdie klasse mag in sommige gevalle nie gratis wees nie; tog bepaal die skool baie redelike kostes en u sal vooraf daarvan inlig word.
- Die skool stel kommunikasie tussen ouers/voogde, seuns en onderwysers hoog op prys. U is meer as welkom om enige griewe/klagtes met ons te deel ten einde a oplossing te vind wat in die beste belang van ons seuns is. Raadpleeg u seun se huiswerkboek en/of die Skool se webwerf vir personeel se epos-adresse. U kan ook "What's on at Grey" dophou wat betref reëlings vir ekstra klasse.

- Indien u dit noodsaaklik vind om vir u seun ekstra klasse te reël wat met ons koshuis se etenstye bots en/of ná aandete plaasvind, moet u as ouer/voog die oggend van die klas op “Boardwell” aansoek doen vir toestemming. Hierdie aansoek gaan nie altyd op ons sisteem goedgekeur word nie, maar ons gebruik dit om rekord te hou van waar die seuns hulself bevind.

BAIE BELANGRIK!!!

Indien u seun weens ekstra klasse ’n ete mis, kan hy ‘n kamermaat vra om vir hom kos uit te skep.

U seun moet egter sy eie kosblik voorsien en kan nie van die kamermaat verwag om kos uit te skep sonder om hom van ’n kosblik te voorsien nie.